
Wenner (November 2012)


Tweede (September 2012)


Derde (Februarie 2012)

# Wenners **"skilder"** seisoene in landbou

**RUTH SCHULTZ, SA GRAAN/GRAIN MEDEWERKER**

Die maandwenners van die *SA Graan*/Sasol Nitro 2012 fotokompetisie het elkeen hul eie unieke prentjie van die seisoene in landbou vasgevang. Dié vergrote, geraamde foto's wat by vanjaar se oorhandigingsgeleentheid uitgestal is, laat jou behoorlik in verwondering staan oor die skoonheid van ons land.

Ansie Podges van Volksrust, die algehele wenner van die kompetisie, se prag-portretfoto van Clarens gedurende die winter, het aan haar R10 000 se prysgeld, met komplimente van Sasol Nitro, besorg.

Gideon Lamprecht van Lindley het weggestap met R7 000 se prysgeld van Sasol Nitro, vir sy tweede plek. Hy het 'n naaldekoker afgeneem wat vermoedelik doodgeryp het en besig was om te ontdooi.

In die derde plek was dit Johan Norval van Bloemfontein wat R3 000 van Sasol Nitro ontvang het. Hy het 'n besonderse mooi aksiefoto vasgevang van 'n produsent en sy werker wat skape in die Karoo tel.

Mnr Marius Brand (besturende direkteur: Sasol Nitro) sê die ekonomie gaan ook deur verskillende seisoene en tans ervaar Suid-Afrikaanse landbou verskeie donderstorms – die landboustakings en droogtes is veral kommerwekkend.

"Sasol het ook deur 'n paar seisoene die afgelope tyd gegaan. Sasol se aankondiging van 'n groot VSA investering is verseker vir ons 'n nuwe lente, so ook die opening van die nuwe kunsmis-aanleg op Secunda. Verder is die Sasol Landbou Trust, waarin Graan SA 'n leiersrol speel, ook die afgelope jaar gestig. Ons sien baie uit na die ontwikkeling van dié trust en hoe die trust sal bydra tot die versterking van landbou-ekonomie," het Brand tydens die geleentheid gesê.

Al beleef graanproduksie tans 'n tawwe tyd, meen mnr Jannie de Villiers (uitvoerende hoofbestuurder: Graan SA) dat die bedryf moet moed hou, omdat ons nie nou kan bekostig om moed te verloor nie.

"Volgens Bill Hybels, predikant van die Willow Creek gemeente in Chicago, is die moeilikste seisoen in 'n persoon se lewe, in die middel, op pad na jou visie toe. Wanneer 'n mens wegspring, het jy altyd baie energie en wanneer jy aan die einde kom, sien jy die eindstreep en dít gee jou moed. Dit is in die middel van hierdie pad waar jou moed jou begewe," het hy gesê. Volgens De Villiers is dit die lekkerste om deur die amateurfotograwe se lense die landbouprentjie te aanskou. "Daar is mense daar buite wat landbou nie sien soos julle dit sien nie. Ons het jul foto's nodig om die landbouprentjie vir hulle te wys."

Prof Attie Gerber van die Noordwes-Universiteit se Skool vir Kommunikasiestudies, asook 'n lid van die beoordelingspaneel, se raad aan die maandwenners was soos volg: "Die effek van skaal is wonderlik! As jy kan, gradeer jou kameratoerusting op sodat jy jou foto's baie groot kan laat druk."

## Skryf in vir 2013 se fotokompetisie

Laat 2012 se wenfoto's jou hande jeuk om self ook agter die lens in te skuif? Vanjaar se tema is: "Die mens in landbou". Met hierdie tema kan jy lekker met jou kamera speel – van die kinders wat in die plaasdam baljaar, Ma wat besig is voor die koolstoof om konfyt te kook, tot die plaaswerkers wat besig is om te plant of te oes. Die kompetisiereëls verskyn in elke *SA Graan/Grain*-uitgawe (sien bladsy 18 en 19 van dié uitgawe).







1: Prof Attie Gerber, lid van die beoordelingspan, oor Ansie Podges, algehele wenner, se foto: "Die sekondêre raam, plasing van die elemente binne-in die sekondêre raam asook hoe mooi die foto aansluit by die seisoene-tema, maak hierdie een van my hoogtepuntfoto's van die afgelope vyf jaar wat ek deel is van die kompetisie se beoordelingspan."
2: Prof Attie Gerber oor Gideon Lamprecht, tweedeplek-wenner, se foto: "Die moeilikste fotografie is loshande makro-fotografie. Gideon, jy het op die regte oomblik dié onderwerp vasgevang."
3: Prof Attie Gerber oor Johan Norval, derdeplek-wenner, se foto: "Daar is soveel beweging en passie in dié foto. Dit is 'n ware skilderagtige landboufoto."
4: Ansie Podges (Volksrust) se seun, Gerhard, was oorstelp van vreugde toe hy hoor sy ma se foto het aan haar 'n eerste plek in 2012 se fotokompetisie verskaf. Ansie kon nie die oorhandigingsfunksie bywoon nie. Hier glimlag Gerhard van oor tot oor saam met Jannie de Villiers (uitvoerende hoofbestuurder: Graan SA), links, Marius Brand (besturende direkteur: Sasol Nitro), tweede van links, en prof Attie Gerber (regs).
5: Gideon Lamprecht (Lindley) ontvang sy kontantprys, nadat hy aangewys is as naaswenner.
6: Johan Norval (Bloemfontein) se aksiebelaaide foto het aan hom 'n derde plek verseker.
7: Ontmoet die res van die maandwenners. Agter van links: Johan Norval, Gideon Lamprecht, Coerie Ferreira en Jannie de Villiers (Graan SA). Voor van links: Marius Brand (Sasol Nitro), Piet Lombard, Amanda van Blerk, Gerhard Podges (verteenwoordig sy ma, Ansie) en Hugo Flear. Petro Sutherland en Tim Cubitt kon ongelukkig nie die funksie bywoon nie. ■

